**November 2002**

**Goeiemôre Vriende en belangstellendes in die Geskiedenis van Pretoria**

Dit voel vir my of ek alleen op ‘n verlate eiland sit. Soms lees ek iets oor ou Pretoria, of wonder oor iets en daar is niemand wat regtig belangstel met wie ek dit kan deel nie. Toe het ek besluit om ‘n geselsblad te begin. Ek is nog op soek na ‘n naam vir die blad. Wat van e-toria, his-toria of geskie-toria?

Indien daar genoeg belangstelling is wil ek graag een keer per maad so ‘n brief uitstuur [beginnende Januarie 2003]. Dit sal u die geleentheid gee om met ander belangstellendes kontak te maak, interessantehede te deel, u opinie te lug of sommer net te gesels.

**Laat weet my asseblief indien u belangstel om elke maand die brief te ontvang.**
**[Rosa.s@absamail.co.za]** Indien ek geen antwoord van u kry nie neem ek aan dat u nie belangstel nie. Stuur ook assblief aan my die e-adresse van u kennisse wat ook moontlik sal belangstel.

Groete,
Rosa Swanepoel

NB!!!!!! Net om u belangstelling te prikkel wil ek u graag voorstel aan vandag se tegnologie [ek wonder wat ou Gross, die fotograaf daarvan sou gesê het].

Klik op die tweede aanhegsel [of is dit aanhangsel] bo aan die blad. Nou sal u ‘n foto sien van die Noord-Oostelike hoek van Kerkplein. Vir my is dit ongelooflik dat ‘n plat foto drie-dimensioneel kan word as dit op ‘n rekenaarskerm vertoon word.

Op die voorgrond van links na regs sien ons die volgende:

* Die eerste gebou het deur die jare ‘n aantal prokureurs gehuisves. In 1899 was dit Tancred & Lunnon en ook Burgers & Pienaar. [LON-01 p31]
* Die advertensie bord was die van W. Rolwell, Signwriter. Oor hom kon ek geen verder inligting kry nie.
* Die eerste gebou aan die Oostekant is die Erasmus gebou. Volgens Dunston [p51] is dit ongeveer 1890 gebou.
* In die middel is die Lewis & Marks gebou. Die gebou is voor 1889 opgerig [PR-105 p31]. Op die tweede vloer aan die linkerkant is ‘n advertensie. As die foto tot sy maksimum vergroot word [zoom] kan mens sien op die eerste reël staan J. Wheeldon. Die res bly egter onleesbaar. Wie of wat was J. Wheeldon? In 1889 het ‘n James Wheeldon aan die oorkant van kerkplein gewerk as klerk vir die Transvaal Board of Executors and Trust Company [DUN-01 p9]. Dan was daar ook ‘n J. Wheeldon wat in 1898 en 1899 as tweede klerk [statistiek] gewerk het in die kantoor van die Staats-myningenieur [STA-02 p262 en STA-03 p196]. Iemand wat meer inligting het oor J. Wheeldon laat ons asseblief weet.
* Laastens die Mortage and Loan Building [word later herdoop na die Alexandra gebou]. Dit is ook ongeveer 1890 opgerig [DUN-51 en PR-105 p30].

As ons in ‘n oostelike rigting in Vermeulenstraat af stap sien ons ‘n groot dubbelverdieping gebou met ‘n stoep rondom. [Noord-Oostelike hoek van Vermeulen en Andriesstraat] Dit is die Central Hotel [LON-01 p099, en DUN-01 p273]. In Dunston se foto van 1897 is daar ‘n stoep met tralies om op die boonste verdieping – hier is geen tralies dus is die foto voor 1897 geneem. Ook die groot naambord bo-op die dak ontbreek op ons foto, dus kon die gebou moontlik ‘n ander naam gehad het.

Net links van die Erasmus gebou is daar drie figure en reg agter hulle ‘n heining. Ek wonder of dit een van die beroemde roos heinings is wat eers om elke erf gegroei het.

BRONNE. Die bronnelys [bibliografie] is op aanvraag beskikbaar.

Nog iets interessant, ek het onlangs ou Moes se doodsertifikaat in die hande gekry. Hy was ‘n bedelaar op Kerkplein en sy volle name was: Paul August Moes. In ‘n latere brief ‘n paar staaltjies oor hom.